UNIVERSITEIT
iYUNIVESITHI
STELLENBOSCH
UNIVERSITY

100
1918 · 2018

***Mei 2021***

**TAALKOMMUNIKASIEKOMITEE**

*Die media het by 'n aantal geleenthede geleenthede oor die Taalkommunikasiekomitee berig. Lees die skrywe van prof Hester Klopper, Viserektor: Strategie en Internasionalisering, oor die komitee hier.*

***Die feite oor dié komitee is soos volg:***

Die US het 'n plig om oor aktuele sake soos geslagsgebaseerde geweld, hoëronderwysfinansiering, transformasie en taal te kommunikeer. Vir dié doel is 'n struktuur geskep om kwessiegebaseerde kommunikasie te koördineer. Dít is nie ongewoon vir groot organisasies soos universiteite nie. Die doel is om konsekwentheid in ons kernboodskappe, doeltreffende reaksies op medianavrae en sinvolle bydraes tot die openbare debat te verseker.

Hierbenewens is 'n Taalkommunikasiekomitee (TKK) tot stand gebring om die US se kommunikasie oor die implementering en hersiening van die Taalbeleid te ondersteun. Met 'n kwessie so belangrik soos taal het die Universiteit 'n verantwoordelikheid om helder te kommunikeer, die gesprek te verdiep en konstruktiewe bydraes te lewer, wat ook tot verdere gesprek met verskillende belanghebbendes kan lei. Ons werk hard daaraan om ons kommunikasie voortdurend te verbeter, en die TKK is 'n raadgewende struktuur om ons dié doel te help bereik.

Die US se Taalbeleid bevorder meertaligheid en hou rekening met "die diversiteit van ons samelewing sowel as die intellektuele rykdom wat in daardie diversiteit opgesluit lê". Die US het hierdie roete gekies om billike toegang uit te brei, 'n inklusiewe kampuskultuur te skep en studentesukses te ondersteun, en is vasberade om koers te hou. Ons is oortuig dat ons studente meer keuses, groter toegang en 'n beter toekoms het as gevolg van ons benadering tot taal.

Beleefde en feitegebaseerde openbare gesprek oor sake wat ons almal raak, is nie net 'n belangrike faset van 'n vrye samelewing nie, maar help bevorder ook 'n ingeligte samelewing, wat noodsaaklik is vir ons gemeenskaplike toekoms. Ons verwelkom dus alle lede van die US-gemeenskap se deelname aan die openbare gesprek oor aktuele sake, waaronder die implementering en hersiening van ons Taalbeleid, en benadruk graag dat die Universiteitsbestuur verbind is tot openheid, inklusiwiteit en redelikheid in gesprekvoering oor alle kwessies.

Ons nooi almal om met die Universiteit in gesprek te tree oor die plek van Afrikaans in 'n inklusiewe meertalige konteks, en om aan die formele Taalbeleidhersieningsproses deel te neem.